# HOOFSTUK V.

## 'N BLOEITYDPERK - DIE BYDRAES VAN KAMPVEGTERS VIR DIE OPVOEDING EN ONDERWYS VAN KLEURLINGE, 1839 - 1869.

### 1. Uitbreiding na buite ondanks stoornisse.

(a) Hierdie bloeiperiode op opvoedkundige gebied val eintlik saam met die vorige en staan in die teken van 'n kragtige uitbreiding na buite wat eintlik langs twee weë geskied het t.w. „Gründung einiger neuer Landstationen" en „Ausdehung des Wirkungsbereiches der Landstationen auf Auszenstationen".[1]

Alhoewel die eerste hoofstasies as 'n waardevolle basis vir permanente sendingwerk onder die gekleurdes gedien het, is die bewegingsvryheid van die Morawiese sendelinge met verloop van tyd in baie opsigte deur die skenkingsverhoudings, voorwaardelike beperkings en finansiële verpligtings aansienlik beperk. Ondanks die voordeel dat op dergelike stasies kerklike gemeenskappe op eie godsdienstige grondslae kon opgebou word, het die gemeenskaps- en kerklike administrasie gaandeweg so ingrypend op mekaar ingewerk dat dit dikwels tot onaangename verwikkelings gelei en die taak van sendelinge oneindig meer bemoeilik het.[2] Die meeste stoornisse gedurende die neëntiende en die begin van die twintigste eeu het meestal op die skenkingstasies voorgekom. Wat die eiendomstasies betref, was dit tot die absolute minimum beperk omdat die burgerlike en kerklike gang op sulke stasies na goeddunke deur die sendelinge beheer is.[3]

(b) Na die algehele vrystelling van die slawe in 1838 het die aantal ingesetenes op alle skenkingstasies soos Genadendal, Groenekloof (Mamre)[4], Enon en Clarkson vanweë die groot verskeidenheid van fasiliteite vir opvoeding en onder-

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 373.
2. Ibid., 369.
3. Ibid., 368.
4. Schulze: t.a.p., 375.

wys buitengewoon snel toegeneem. Vir ongeveer dertig jaar na hierdie gebeurtenis het alle sendingstasies in die Kaapkolonie meer bepaald dié van die Londen-Sendinggenootskap en bovermelde stasies behorende aan die Morawiese Broederkerk, groot moeilikhede ondervind.

Aanvanklik het die koloniste hierdie sendingstasies slegs as „a regular lock upon labour" beskou, waarvan die bestuur veel te wense oorgelaat het.[1] Alhoewel die eersgenoemde deel van die beswaar heeltemel teenstrydig met die doelstellings van die Morawiërs was, het die laasgenoemde deel heelwat waarheid bevat. Wat Genadendal betref, het die bevolking omstreeks 1855 reeds die 3000-kerf oorskrei en, volgens 'n verklaring van eerw. C.L. Teutsch in 1850, was dit besonder moeilik om die sendingstasie te beheer. Waar die sendelinge vroeër nog die mag besit het om iemand wat hom aan dronkenskap en hardnekkige onsedelikheid skuldig gemaak het die reg van verblyf te ontsê of deur 'n landdros of resident-magistraat van die sendingstasie te laat verdryf, is hulle omstreeks hierdie tyd beveel „to institute a regular lawsuit, the event of which being doubtful, we are obliged to wink at such examples, which had been injurious".[2] Toe die Kaapse regering in 1850 - 1851 'n deeglike ondersoek na die aangeleenthede te Genadendal ingestel het, het die regeringsamptenare in hulle uitspraak aanbeveel dat die hele toedrag van sake op hierdie stasie uiters versigtig gehanteer moes word omdat „most of the defects may be traced less to the want of good regulations than to the means of effectually enforcing them".[3] Alhoewel hulle verder by die regering aangedring het dat die aantal inwoners van hierdie stasie tot 3000 beperk moes word, is hierdie aanbeveling eenvoudig deur die Owerhede geïgnoreer.[4] Ook die

1. Marais: The Cape Coloured People, 249.
2. Teutsch aan Mackay, 22 Oktober 1850 & 4 April 1851, C.O.1242.
3. Bell en Mackay aan Regeringsekretaris, 26 Sept. 1851, C.O. 1242.
4. Ibid.

feit dat die magistraatshof in 'n uitspraak geweier het om die Genadendalse regulasies as wettiglik bindend vir die ingesetenes te aanvaar, het veel daartoe bygedra om sake te vererger.[1]

Gedurende 1854 het die Morawiese Sending 'n baie kritieke tyd beleef toe die Kaapse parlement voornemens was om die „Municipal Boards Ordinance" van 1836 op alle skenkingstasies van toepassing te maak. Superintendent C.R. Kölbing wat onmiddellik die gevaar van die voorstel ingesien het, het heftig daarteen geprotesteer en sodoende verhoed dat hierdie waardevolle hoofstasies in munisipaliteite omskep word.[2]

In 1856 het die Kaapse Wetgewende Raad weereens 'n „Select Committee" aangestel om 'n verslag uit te bring oor die wenslikheid om grond in vrye erfpag aan die Hottentotte te skenk. Andermaal het die Morawiërs weer hulle stem deur middel van hulle superintendent sowel as die inwoners van die verskillende skenkingstasies teen die vyandige getuienisse van 'n aantal blanke bure laat hoor. Ondanks die spekulatiewe opvatting van die voorsitter dat so 'n maatreël daartoe sou bydra om die Kleurlinge en Blankes te amalgameer, het hulle volgehou dat soiets prakties onmoontlik is en slegs tot die opbreking van die skenkingstasies en die verwerwing van hulle gronde deur Blankes sou lei.[3]

In 1858 het 'n ander „Select Committee" met die negrofilistiese John Fairbairn onder hulle geledere eenparig verslag gedoen dat met alle kleurlingsendingstasies weggedoen moes word omdat hulle volgens die mening van die ondersoekers „partake essentially of the nature of class legislation".[4] Nieteenstaande al hierdie kritiek het die Morawiese sendingstasies bly voortbestaan en met verloop van tyd het die sendelinge daarin geslaag om hulle moeilikhede in hierdie verband die hoof te bied.

---

1. Marais: The Cape Coloured People, 250.
2. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 9.
3. Select Committee on granting lands in Freehold to Hottentots (1856), Minutes of Evidence and Appendix, A.17'58,1-2.
4. Class Legislation of Coloured, A. 38'71, 1-11.

Selfs die oprigting van winkels op die verskillende skenkingstasies en die bestuur daarvan deur die Morawiese sendelinge het kritiek uitgelok. In 'n verklaring aan graaf Grey het biskop Latrobe aangevoer dat hierdie winkels slegs geopen is om hulle volgelinge teen gewetelose handelaars te beskerm. Verder het hy aangetoon dat hulle veel goedkoper as dié in hulle onmiddellike omgewing was, en, alhoewel hulle profyte afwerp, dit uitsluitlik vir die bestryding van die uitgawes i.v.m. die sending aangewend word.[1)]

Ten slotte moet daarop gewys word dat die sekulêre kontrole wat die Morawiërs oor hulle volgelinge uitgeoefen het ook ten strengste afgekeur is. So het die regeringskommissie van 1850-1851 dit as 'n snaakse anomalie voorgestel dat die Kleurling eers uit 'n toestand van barbarisme verlos moes word om daarna in 'n toestand van „perpetual pupilage" en „vassalage" gedompel te word. Gevolglik het hulle dan ook aanbeveel dat 'n munisipaliteit vir Genadendal ooreenkomstig die bepalings van die „Municipal Boards Ordinance" van 1836 ingestel moes word sodra die inwoners daarop sou aandring.[2)] In hierdie verband was die Gekose Komitee 'n bietjie te oorhaastig omdat die ingesetenes nog glad nie daarvoor ryp was nie.

Eers teen die einde van hierdie periode het die Morawiese sendelinge daarin geslaag om die toekomstige bestaan van die Morawiese Broederkerk op sekere skenkinstasies te verseker toe wettige eiendomsreg vir Genadendal (1858)[3)] en 'n ewigdurende erfpag vir Enon (1865[4)] deur die Kaapse regering aan hulle verleen is.

(c) Aan die begin van hierdie periode het die Morawiese Sending slegs oor twee vry- of buitestasies beskik t.w. Hemel-en-Aarde en Houtkloof as buitepos van Elim. Die stigting van meer buitestasies gedurende hierdie tydvak is eintlik deur verskillende omstandighede veroorsaak. Reeds vanaf 1840 het

---

1. Latrobe aan graaf Grey, 18 Mei 1847, C.O. 1338.
2. Mackay aan Bell, 30 Junie 1851, C.O. 1242.
3. Marais: The Cape Coloured People, 140.
4. Report of Coloured Mission Stations, Reserves and Settlements, Inter-Departmental Committee of Inquiry, 1945, 73.

verskeie koloniste ernstige besware teen die ophoping van arbeidskragte op die verskillende hoofstasies begin opper. Teen hierdie aantygings wat veral met baie belasteringe gepaard gegaan het, het die sendelinge heftig geprotesteer omdat hulle self nie so 'n toedrag van sake verkies het nie. Billikerwys het hulle dan erken dat dit veel doelmatiger sou wees om buitestasies aan te lê waar die ingesetenes van die betrokke omgewing van tyd tot tyd deur besoekende sendelinge van die hoofstasies bedien kon word.

Toe die geweldige toestroming tot die oudste stasies na die afskaffing van die lyfeienskap van die Kleurlinge in 1828 en die vrystelling van die slawe in 1838 nie meer gestuit kon word nie, het die sendelinge besef dat die tyd ryp was om met die aanlê van buitestasies 'n begin te maak.[2]

Kopjeskasteel, Twistwyk en Berea. Vanweë die buitengewone stormloop wat Genadendal teen die einde van die vorige periode ondervind het, kon geen nuwelinge meer toegelaat word nie en was die sendelinge verplig om enige buiteposte in die onmiddellike omgewing van die hoofstasie aan te lê. Teen die einde van 1838 is dan die eerste buitestasie te Kopjeskasteel (tans Brakfontein) langs die Riviersonderend aangelê[3] en in 1853 het 'n tweede in Twistwyk ontstaan.[4] Toe eersgenoemde buitepos in 1865 gesluit is, is in dieselfde jaar 'n ander stasie te Berea geopen. Hierdie stasie is aanvanklik as hoofstasie aangelê, maar omdat die meeste volgelinge Genadendal as 'n geestelike tuiste verkies het, kon hier later hoogstens 'n buitepos in stand gehou word.[5]

Robben eiland. As gevolg van die baie probleme wat die afsondering van melaatse gevalle te Hemel-en-Aarde veroorsaak het,

---

1. Report of Coloured Mission Stations, Reserves and Settlements, Inter-Depratmental Committee of Inquiry, 1945,73.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 373-374.
3. Die Huisvriend, 29 Maart, 1936; Sien artikel, Ons werk in skool en kerk in Kopjeskasteel(Brakfontein) en in Tygerhoek-Waterford, deur R. Schmidt.
4. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 375.
5. Ibid., 375.

het die Kaapse regering besluit om die inrigting te sluit en alle pasiënte na Robbeneiland oor te plaas. Na die oorplasing aan die begin van 1846 van stapel gestuur is, het die Owerhede op versoek van die pasiënte eerw. J. Lehmann genader om sy werksaamhede onder die melaatses voort te sit.[1] Nadat toestemming van die Sendingdireksie ontvang is, het die Broeders nog vir een-en-twintig jaar die geestelike bearbeiding van die pasiënte waargeneem. Toe eerw. T. Küster in 1867 die tuig neergelê het, is die betrekking nie weer deur die Broeders gevul nie omdat die Owerhede verkies het „dasz die Bedienung dieser Aussätztigenkolonie von der anglikanischen Kirche übernommen wurde, da die immer grӧszer werdende Zahl der Beamten und Angestellten zumeist dieser Kirche angehörte".[2]

Goedverwacht. Enige jare na die vrystelling van die slawe het die sendelinge van Groenekloof verneem dat 'n sekere mnr. ? Burger van Burgershoek in die afdeling Piketberg sy plaas aan 6(7) van sy beste slawe bemaak het. Die voorwaarde vir hierdie bemaking was „dat zij hem zouden plegen tot zijnen dood en dat na den dood des laatsten dezer 6 erfgenamen Burgershoek moest verkocht worden, en het geld in gelijke deelen moest verdeeld worden onder hunne kinderen".[3] Toe die eienaar in 1842 oorlede is, het die 6 slawe die wettige eienaars van die plaas geword.

Alhoewel die predikant van Piketberg hom oor die slawe en ander gekleurde inwoners van Burgershoek ontferm het, het die kleurlingbevolking wat toe reeds 'n paar honderd in getalsterkte was 'n versoek aan die Morawiese Sending gerig om hulle met Evangelie en skool te kom bedien.[4] Aan hierdie versoek is onmiddellik voldoen na die destydse superintendent, eerw. C.L. Teutsch, hulle op 16 September 1845 'n besoek gebring en die versekering gegee het dat Burgershoek vanuit Groenekloof as

---

1. Schmidt: Hemel-en-Aarde, 10-11.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 386-387.
3. De Bode, 4 Junie 1909; Sien artikel, Goedverwacht en Wittewater, deur R. Schmidt.
4. Ibid.

buitestasie bedien sou word.[1]

Eers na die aankoms van Josef Hardenberg, as eerste kleurlingonderwyser, aan die begin van 1846 en die opening van 'n nuwe gebou, wat as skool en godsdhuis gedien het, in dieselfde jaar, het die werksaamhede op hierdie nuwe buitepos wat toe die naam van Goedverwacht verwerf het, in alle erns begin. Gedurende die volgende twaalf jaar is die gemeente van tyd tot tyd deur eerww. H.B. Schopmann en A.H. Jannasch, maar veral deur eerw. S. Christensen, met Woord en sakrament bedien.[2]

Toe die aantal inwoners van Goedverwacht in 1858 op 440 te staan gekom het, is die buitepos tot hoofstasie verklaar.[3] Eerw. J.W.A. Stolz van Elim het op 16 Mei 1858 sy werksaamhede as eerste leraar van hierdie gemeente aanvaar. Sy verblyf alhier was egter van korte duur en, na 'n periode van tien maande, is hy deur die Sendingdireksie versoek om na Wittewater te vertrek om met die aanleg van die nuwe eiendomstasie 'n begin te maak.[4] Sedert 1 April 1859 is Goedverwacht dan saam met Wittewater voorlopig as een gemeente bedien.[5]

Mamre aan die Bicha. Na die beëindiging van die Kafferoorlog van 1846-47 het die Britse bewindhebbers die Morawiese Broeders versoek om 'n buitestasie aan die Bicha naby Fort Peddie aan te lê. Nadat die nodige toestemming daarvoor van die Sendingdireksie ontvang is, het eerw. T. Küster met sowat 100 volgelinge wat meestal uit die gemeentes van Genadendal en Elim afkomstig was, na die oosgrens vertrek om Mamre aan die Bicha, soos die nuwe buitepos geheet het, naby die grens van Kafferland aan te lê. Nieteenstaande alle voorbereidings wat i.v.m. die aanleg van hierdie stasie getref is, moes

---

1. De Bode, 4 Junie 1909; Sien Artikel, Goedverwacht en Wittewater, deur R. Schmidt;
   Böhringer: Gedenkwaardighede uit die geskiedenis van Goedverwacht, (Ongepubliseerde artikel).
2. De Bode, 4 Junie 1909; Sien Artikel, Goedverwacht en Wittewater, deur R. Schmidt.
3. Ibid.
4. Die Hußsvriend, 21 Oktober 1934; Sien artikel, Goedverwacht en Wittewater, deur R. Schmidt.
5. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, 381.

alle werksaamhede na twee jaar weer gestaak word. Gedurende die Kafferoorlog van 1851 was die sendeling en sy kudde verplig om die sendingstasie te verlaat om skuiling by Fort Peddie en later by Enon te gaan soek. Na die beëindiging van die Naturelle-onluste in 1853 het die Morawiese Sending geweier om sy werksaamhede te hervat aangesien daar nie voldoende beskerming vir die vreedsame bewoners van die buitepos kon gebied word nie.[1)]

„Jacobs Kapelle"(Pella). In 1853 het die sendelinge van Mamre 'n buitepos op die plaas van 'n sekere mnr. ? Cubano gestig en 'n klein kerkie bekend as die „Jacobs Kapelle" daar opgerig.[2)] Nadat die woonhuis van Cubano in 1860 deur 'n brand in puin gelê is, het die eienaar sy plaas aan die Morawiese Sending te koop aangebied omdat daar volgens hom sowat 50 tot 60 huisgesinne gevestig kon word. Alhoewel die Sendingdireksie hierdie aanbod van die hand gewys het, is hulle nogtans toegelaat om hulle sendingbedrywighede voort te sit.[3)]

Toe eerw. A.H. Jannasch van Mamre in 1862 rapporteer dat die eredienste nie meer deur die Kleurlinge van die omgewing bygewoon word nie, is daar besluit om die „Jacobs Kapelle" af te breek.

Ten einde 'n buitestasie in hierdie geweste te behou, is daar in 1869 'n kerkie op die uithoek van Mamre se grond naby die plaas van Cubano opgerig. Vanaf 1869 het hierdie buitestasie as Pella bekend gestaan en is van tyd tot tyd deur besoekende sendelinge van Mamre bedien.[4)]

Snyklip en Wittekleibosch. Pas na die stigting van Clarkson in 1839 is die eerste buitepos te Snyklip oos van die hoofstasie aangelê. Hoewel hierdie stasie later vir 'n tydlank onbeset gebly het, is die werksaamhede weer in 1866 hervat.

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 386.
2. Ibid., 377.
3. Die Huisvriend, 24 November 1938; Sien artikel, Pella, van R. Schmidt.
4. Ibid., 20 November 1938; Sien artikel, Pella, deur R. Schmidt.

Op versoek van enige honderde Fingoes wat in die oostelike deel van die Tsitsikama woonagtig was, is daar ook in dieselfde jaar 'n tweede buitestasie te Wittekleibosch gestig. Hierdie buitepos het met verloop van tyd geweldig opgang gemaak en is later tot hoofstasie verklaar.[1)]

(d) Daar die Morawiese Sending aan die begin van hierdie periode slegs oor een eiendomstasie te Elim beskik het, was hulle vas beslote om die getal verder uit te brei sodra geskikte oorde vir die oprigting van sendingstasies te koop aangebied word. Met hierdie doel voor oë was die Sendingdireksie dan ook besonder gretig om 'n buitestasie te Goedverwacht aan te lê. Toe hierdie stasie egter in 1858 tot die status van hoofstasie verhef is, het die Morawiese Sending nog geen sekerheid gehad dat hulle later die wettige besitter van Goedverwacht sou word wanneer die plaas ooreenkomstig die testament van mnr. Burger verkoop sou word. Gevolglik het die Morawiese Broederkerk besluit om Wittewater wat destyds in die mark was, aan te koop.

Wittewater. Wittewater in die distrik van Piketberg was vroeër die eiendom van 'n sekere mnr. ? Marais.[2)] Toe die berig dat die eienaar voornemens was om die plaas te verkoop superintendent C.R. Kölbing bereik, het hy onmiddellik in Mei 1858 daarheen afgereis om die plek te besigtig. Nadat hy met die Sendingdireksie oor die aankoop daarvan oorleg gepleeg het, is eerw. Stolz van Goedverwacht versoek om die eienaar te nader of hy nog gewillig was om die plaas onder dieselfde voorwaardes soos aan die superintendent aangebied, van die hand te sit. Na die versekering van mnr. Marais ontvang is, het daar nog drie maande verloop alvorens die koop finaal op 31 Januarie 1859 gesluit is.[3)] Hierna is eerw. Stolz gelas om daarheen te versit om sodoende Wittewater sowel as Goedverwacht te bedien.

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, 379;
Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 10.
2. Böhringer: Gedenkwaardighede uit die geskiedenis van Goedverwacht (Ongepubl. artikel - alles uit die Diarium v. Goedverwacht).
3. Marx: Geschiedenis van Wittewater 1859-1884(Ongepubliseerde artikel).

Nadat eerw. Stolz en sy gade op 1 April 1859 hulle intrek „in het leege huis met zijne gebroken vensters en half open dak"[1] geneem het, het hy dadelik met die opbou van die nuwe gemeente begin. Die twee huisgesinne van Carl en Johannes Norman wat die leraar van Goedverwacht hierheen vergesel het, het die eerste gemeentelede uitgemaak. Elf dae later het daar nog twee families aangeland. Omdat die nabyliggende bergkloof, Heksvlei, meer tuingrond en 'n sterker toevoer van water as Wittewater gebied het, is die nuwe aankomelinge verlof toegestaan om hulle daar te vestig.[2] Toe die eerste openbare godsdiensoefening op 15 Mei 1859 gehou is, het daar reeds tien huisgesinne in Heksvlei gewoon.[3] Spoedig het meer en meer aansoeke om neersetting gevolg en aan die einde van 1869 het die totale sieletal op 145 te staan gekom.[4]

Ten einde die verkeer tussen Wittewater en Goedverwacht te vergemaklik, is daar op 27 Julie 1859 'n nuwe pad aan die noordelike oewer van die Bergrivier met behulp van die inwoners van beide gemeentes aangelê.[5] Nieteenstaande dit het die bearbeiding van beide gemeentes soveel kragte van die bejaarde leraar geverg dat dit haas onmoontlik vir hom geword het om al sy veelvuldige pligte na te kom. Toe 'n hulpleraar uiteindelik op 14 November 1861 in die persoon van eerw. J.H. Oelmann van Mamre hier opdaag, het die werk van evangelisasie ondanks die sukkelende bestaan wat die ingesetenes op tydelike gebied gevoer het, spoedig opgang gemaak.[6]

2. Vorderihg op kerklike, godsdienstige en sedelike gebied.

(a) Met die oorlye van eerw. H.P. Hallbeck op 25 November 1840, het die geseënde werk van die Morawiese Broeders 'n

---

1. Marx: Geschiedenis van Wittewater 1859-1884 (Ongepubliseerde artikel).
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Ibid.

gevoelige verlies gely.[1] As organiseerder en geestelike leier van 1817 tot 1840 het hy nie alleen daarin geslaag om die sendingbedrywighede van die Morawiese Broederkerk op 'n hegte basis te plaas nie, maar soveel baanbrekerswerk op die gebied van opvoeding en onderwys verrig dat sy gelyke moeilik te vind was. Vanaf 1840 is die organisasie en geestelike leiding dan agtereenvolgens aan eerww. C.L. Teutsch (1840-'51), C.R. Kölbing (1851-'60), J.F. Kühn (1860-'65) en W.F. Bechler (1865-'74) toevertrou.[2]

(b) Vanweë die buitengewone toestroming van Hottentotte en ander vry Kleurlinge tot die skenkingstasies teen die einde van die vorige periode, was alle bovermelde superintendente verplig om 'n doelbewuste beleid van „Pflege und Ausbau, als um eigentliche Heidenmissionsarbeit"[3] voor te staan. Deur middel van die simpatieke ondersteuning van die Sendingdireksie te Herrnhut en die onvermoeide ywer van die Broeders is daar nie minder as twee hoof- en ag vry- of buitestasies gedurende hierdie periode aangelê nie. Hoewel sommige buitestasies soos Mamre aan die Bicha (1851), Kopjeskasteel (1865) en Robben-Eiland (1867) later weer moes prysgegee word, het die westelike sfeer na die finale verdeling van die arbeidsveld[4] van die Broederkerk in Suid-Afrika in 1869 nog oor die volgende hoof- en buitestasies beskik:

| Hoofstasies | Buitestasies. |
|---|---|
| Genadendal | Berea en Twistwyk. |
| Mamre | Johanneskerk te Pella |
| Enon | - |
| Elim | Houtkloof |
| Clarkson | Wittekleibosch en Snyklip |
| Goedverwacht | - |
| Wittewater | - |

[5]

1. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de School te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 11.
2. Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 9.
3. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 400.
4. As gevolg van die ontstaan van sendingstasies te Silo (1828), Gosen (1850), Engotine (1859) en Baziya (1863) in die oostelike deel van Kaapland, het die sendingsfeer van die Morawiese Broederkerk in S.A. te uitgestrek vir doeltreffende administrasie geword. Kragtens 'n besluit van die Algemene Sinode in 1869 is die arbeidsveld toe in twee dele t.w. die van Suid-Afrika-Wes en die van Suid-Afrika-Oos, verdeel. Sien Schmidt: Die Broederkerk en die Broederkerk in Suid-Afrika-Wes, 10.
5. Ibid. 101

Op die oudste stasies soos Genadendal, Mamre, Enon, Elim en Clarkson waar daar reeds doeltreffende kerkgeboue bestaan het, het die werk van evangelisasie goed gevlot. Vanweë die aankoms van nuwe neersetters was sommige gemeentes soos Elim verplig om die bestaande godshuis te verruim. As gevolg van die gewilligheid van die gemeentelede om „de kosten daarvan self te dragen" is dan 'n addisionele vleuel in 1865 voltooi.[1)]

Wat die nuwe hoofstasies te Goedverwacht en Wittewater betref, was alles nog in 'n toestand van wording. Hoewel op eersgenoemde stasie in 1846 reeds 'n gebou waarin skool sowel as kerk gehou is[2)], opgerig is, moes alle „avond verzamelingen" op laasgenoemde stasie aanvanklik in die huis van die leraar gehou word.[3)] Toe die aantal siele teen die einde van 1864 egter op 159 te staan gekom het, is die „ouden paardenstal tot een kerkhuis" in die daaropvolgende jaar teen 'n koste van £160, wat die gemeente self bygedra het, omskep.[4)]

Gedurende hierdie periode is ook kerkgeboue op die buitestasies te Houtkloof (1853), Berea (1865) en Pella (1869) opgerig[5)] en, alhoewel daar niks in die verband omtrent Snyklip, Wittekleibosch en Twistwyk meegedeel word nie, kan ons met vertroue aanneem dat tydelike geboutjies vir kerk- en skooldoeleindes daar moes opgerig gewees het.

(c) Aangaande die geestelike bearbeiding van die hoof- en buitegmeentes, het blanke sendelinge nog uitsluitlik as bedienaars van die Woord en sakramente opgetree. As gevolg van die buitengewone uitbreiding van die arbeidsveld gedurende hierdie periode en die toenemende tekort aan arbeidskragte was die Broeders later verplig om van „zendelingshelpers" i.v.m.

---

1. Die koste van die aanbou van hierdie vleuel het £801 bedra. Daarvan het die gemeente £555 bygedra en die res is deur middel van bydraes v. vriende uit Duitsland, Engeland, Holland, Switserland & Sleeswyk ontvang: Sien Winckler: Elim, 1824-1924, 9-10.
2. De Bode, 4 Junie 1909; Sien artikel, Goedverwacht en Wittewater, deur R. Schmidt.
3. Marx: Geschiedenis van Wittewater, 1859-1884 (Ongepubliseerde artikel)
4. Ibid.
5. Almanak van die Morawiese Broederkerk, 1950.

die bearbeiding van buiteposte gebruik te maak.[1] Hierdie „zendelingshelpers" was gewoonlik diensdoende onderwysers wat hulle opleiding aan die Genadendalse kweekskool gehad het. Alhoewel hulle geen geordende geestelikes of evangeliste was nie, het hulle nogtans 'n onskatbare bydrae tot die uitbreiding van die Evangelie onder hulle eie geledere gelewer.

Daar die aard van die godsdienstige en morele onderrig nog in hoofsaak dieselfde as vroeër was, is die evangelisasiewerk gedurende hierdie periode enigsins vergemaklik deur die feit dat die sendelinge nie meer met 'n kompakte heidendom soos vroeër te doen gehad het nie. Weliswaar was daar nog baie heidene onder die Kleurlinge, maar hulle was meestal „solche Leute welche mehr oder weniger schon in christliche Umgebung oder auch in Dienste christlicher Familien geblieben waren".[2] Behalwe die verkondiging van die Evangelie op Sondae aan almal en die bediening van sakramente aan volwaardige lidmate, is nuwelinge voortdurend as doopkandidate, avondmaalskandidate en avondmaalgangers voorberei. Ten einde hierdie proses van voorbereiding finaal af te rond, moes dergelike gevalle asook diegene wat van hulle sensuur wou onthef word vir „bevordering in genade" by die leraar aansoek doen. Hierdie aansoeke is dan deur die leraar tydens die sitting van Sendingkonferensies aan die afgevaardigdes voorgelê. By sulke geleenthede is elke aansoek afsonderlik onder gebed voor die Here gelê en 'n lootjie getrek. Toestemming tot bevordering kon alleen verkry word wanneer dit 'n besliste 'ja' was, anders was dit 'n klaarblyklike bewys dat die Here dit anders

---

1. In die geval van Goedverwacht is die diensdoende onderwyser op 1 Mei 1863 deur superintendent Kühn en eerww. Jannasch en Marx as „zendelingshelper" ingeseën - sien Marx: Geschiedenis van Wittewater, 1859-1884 (Ongepubliseerde artikel); Te Snyklip en Wittekleibosch, buitestasies van Clarkson het die onderwyser Johannes Zwelibanzi weer agtereenvolgens as „zendelingshelper" opgetree - sien Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 379.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 394.

gewil het.[1] Kortom, die weg tot volle lidmaatskap was dus baie nou.

Wat die bearbeiding van die jeug betref, is daar ook gedurende hierdie periode vir die eerste maal met die hou van Sondagskole op die hoofstasies 'n begin gemaak.[2] By hierdie byeenkomste is die kinders geleer om Gods Woord te lees en te ken en om 'n suiwer kennis van die belydenisskrifte van die Morawiese Broederkerk te verwerf.

Benewens gereëlde huisbesoek, het die sendelinge ook oneindig veel waarde aan 'n ou praktyk bekend as „Het algemene Spreken" geheg. By sulke geleenthede het alle gemeentelede insluitende volwassenes sowel as opgeskote kinders een vir een by hulle leraar of lerares opgedaag wanneer dan met elkeen oor die heil van sy siel gespreek is. Deur middel van sulke individuele gesprekke het die leraar persoonlik in aanraking met sy gemeentelede gekom en was hy dan instaat om hulle te vertroos en te vermaan na gelang van omstandighede.[3] In hierdie verband het die „zendelingshelpers" op die buite- en hoofstasies 'n besonder belangrike bydrae gelewer. Volgens Schulze het hierdie manne hulle veral besig gehou met „Besuche bei den Heiden in ihre Nachtbarschaft, verkündigtigten das Wort Gottes, luden sie zum Besuch der Gottesdienste in die Kirchen ein, auch zum Besuch der Missionare, und zugleich suchten sie auch die zerstreuten Christen auf, um sie in Verbindung mit ihrer Gemeine zu erhalten".[4]

Ten einde die kerklike werksaamhede te vergemaklik en die geestelike en morele vooruitgang van gemeentelede te bevorder, is daar in 1859 'n drukpers te Genadendal opgerig. Sedertdien was alle gemeentes van die Morawiese Broederkerk instaat om

---

1. Böhringer: Gedenkwaardighede uit die geskiedenis van Goedverwacht. (Ongepubliseerde artikel - alles uit die Diarium v. Goedverwacht).
2. Mission-atlas der Brüdergemeine, 12.
3. Böhringer: t.a.p.
4. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 394.

hulle volgelinge nie alleen met die woord, maar ook met geskikte lektuur langs die regte weë te lei. Benewens paslike tydskrifte soos „De Bode" (1859), 'n maandblad vir volwassenes, en „Het Maandbladje voor Kinderen" (1861) wat onder die redaksie van die hoofde van die kweekskool en hulle medewerkers gestaan het, is daar ook treffende traktaatjies soos „De Drank" „Wat zegt God van den Drank", „Gaat gij in den Oogst?", „De dag van Heden", „Onmatigheid", ens., van tyd tot tyd gedruk en uitgegee om sodoende die algemene kennis omtrent Gods Woord en die sedelike vorm van gemeentelede te verhoog. Ook die volgende publikasies vir gemeentelike werk en die voorbereiding van lidmate het gedurende hierdie periode die lig gesien: Liedere gekomponeer op die laaste kruiswoorde van Christus, 1861; De Kleine Zangvriend, 1861; Het Tekstboek van de Broederkerk, uitgegee vanaf 1862; 'n Handleiding vir die Lydensweek, 1864; Handleiding voor doop en avondmaal, 1864; Zaad Korreltjies (B. Marx), 1864; Hoofinhoud der Christeliken Heilsleer (J.F. Kühn), 1865; Voorskrifte in Bybelgeskiedenis (W.F. Bechler) 1865; De Kleine Katechismus (Dr. M. Luther).[1] Deur hierdie pragtige bydrae het die Morawiërs dus daarin geslaag om die opheffing van die Kleurlinge in hulle gemeentes 'n geweldige stoot vooruit te gee.

Ondanks al hierdie pogings i.v.m. godsdienstige en sedelike hervorming, moes die sendelinge nog dikwels oor openbare ongereeldhede, slegte bywoning van eredienste, weerspannigheid van sommige goddelose inwoners, drankmisbruik, egbreuk en ontug kla.[2] Hoewel hierdie misstappe en euwels in die reël met sensuur of verlies van eiendom gepaard gegaan het, skyn dit of die Broeders op hierdie stadium nog nie heeltemal daarin geslaag het om sulke inherente swakhede van hier-

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 21; Extracts of the Diary of Genadendal and Periodical Accounts, 2.
2. De Bode, 18 Junie 1909; Sien artikel, Goedverwacht en Wittewater, deur R. Schmidt; Böhringer: Gedenkwaardighede uit die geskiedenis van Goedverwacht (Ongepubl. artikel); Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 375.

die eertydse heidene te ontwortel nie.

3. Die Genadendalse Kweekskool vir opleiding van Kleurlingkwekelinge.

(a) Met die instelling van 'n sentrale Onderwysdepartement en die aanstellihg van James Rose-Innes as die eerste Superintendent van Onderwys in 1839, is belangrike mylpale in die ontwikkeling van die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika bereik.[1]

Hoewel sy onderwysstelsel radikale hervormings vir die onderwys van blankes teweeg gebring het, is die belangrike werk van sendinggenootskappe, meer bepaald dié van die Morawiese Broederkerk in verband met die onderwys van gekleurdes in die algemeen en die opleiding van kwekelingonderwysers in die besonder aanvanklik vergeet.[2] Wanneer daaraan gedink word dat daar destyds geen kweekskool vir blankes in die Kaapkolonie bestaan het nie **en** dat in Engeland normaalskole (uitsluitend die inrigtings waar monitors opgelei is) eers in hierdie tyd ontstaan het, het die Morawiërs hulle gewis onderskei en in hierdie verband altans die toon op onderwysgebied aangegee.[3]

Ondanks die daadwerklike pogings van Rose-Innes om plaaslike jong blankes in normaalskole wat op staatsondersteuning kon reken, vir die onderwysberoep te bekwaam, kon dergelike inrigtings soos die Staatsnormaal (1842-'59) en die kerklike Opleidingsinstituut vir onderwysers te Kaapstad (1849-'51) nie met die kweekskool van Genadendal kompeteer nie en moes derhalwe later weer om finansiële redes gesluit word.[4]

Gaandeweg het hierdie opleidinginstituut vanweë sy unieke bestaan en buitengewone vordering steeds meer en meer die belangstelling van die regering sowel as die onderwysdepartement begin geniet. So is byvoorbeeld in 1853 die twee oudste studente, Johannes Nakin en Samuel Mazwi deur dr.?Juritz vir 'n

---

1. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 83.
2. Ibid., 86.
3. Die verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kleurlingbevolking van die Unie (1937), 353.
4. Du Toit: t.a.p., 88-89.

besoek na Kaapstad uitgenooi en onder meer aan die goewerneur voorgestel. In 1856 het sir George Grey weer 'n besoek aan die kweekskool te Genadendal afgelê en die direkteur versoek om twee van sy kwekelinge t.w. Paulus Mazwi vir die Amatolaberge en Theodor Knoll vir die distrik van George aan hom af te staan.[1] Nieteenstaande al hierdie belangstelling, moes die enigste kweekskool vir Kleurlinge nog altyd sonder enige staatsteun voortsukkel.

Nadat die lewenskragtige sir Langham Dale, Rose-Innes in 1859 as Superintendent opgevolg het, was dit reeds genoegsaam duidelik dat die verdere onderwysontwikkeling volgens die stelsel van die Staatsondersteunde skool moes geskied.[2] Vanuit die staanspoor het die nuwe onderwyshoof dan daarna gestreef om die Kwekelingstelsel te laat herleef. Ten einde die onderwysbelange van die Kleurlinge in hierdie verband te bevorder, het hy in 1864 Genadendal besoek en die Morawiese Sending probeer beweeg om hierdie vermaarde kweekskool in 'n groot opleidingsinstituut vir Wes-Kaapland te omskep. Vir die suksesvolle deurvoering van sy plan het Dale dan aan die hand gedoen dat benewens hulle eie studente nog 'n verdere twaalf studente van ander sendinggenootskappe teen die betaling van 'n nominale bedrag van £12 per student tot die inrigting moes toegelaat word. Behalwe 'n £100 jeens die salaris van die onderwyser sou elke student dan ook nog verder 'n gelyke hoofdelike toekenning volgens die £-vir-£-beginsel van die Onderwysdepartement ontvang. Origens moes die bestaande sendingskool te Genadendal ook in 'n modelskool met 'n blanke hoof omskep word en alle onderrig „thoroughly English" wees.[3]

Alhoewel laasgenoemde taalvoorwaarde onsinnig en die aanstelling van 'n blanke hoof as sodanig geen wesentlike beswaar was nie, het die Sendingdireksie te Herrnhut nogtans die aan-

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 10.
2. Du Toit: Onderwys in Kaapland, 1652-1939, 96-98.
3. Schmidt: t.a.p., 11.

bod van die hand gewys omdat hulle dan as gevolg van die interkerklike karakter van die instituut ook met ander sendinggenootskappe moes rekening hou. Gevolglik het die Morawiërs geweier om die middelpunt van sendingwerk in Suidelike en Westelike Kaapland te word en derhalwe verkies om langs die ingeslane weg voort te gaan en die ideaal wat hulle beoog het, te probeer verwesenlik.

Eers na die passering van die Onderwyswet van 1865, is die kwekelingstelsel, danksy die aanbevelings van die Watermeyer-kommissie van 1863, op 'n hegter finansiële basis geplaas. Kragtens hierdie wet is daar nou vir die eerste maal fondse vir die opleiding van Kleurlingkwekelinge beskikbaar gestel wat veral uit die rente op 'n kapitaal wat deur die ou Bybel- en Skoolkommissie vir die doel geskenk is, geput is. Daar die rente jaarliks sowat £600 bedra het, was dit net voldoende om 20 kwekelinge te onderhou.[1] Eers hierna het die kweekskool te Genadendal die geleentheid gehad om tot volle ontplooiing te kom.

(b) Vanaf die begin van hierdie periode het die volgende ses direkteure vir korter of langer tyd as hoofde van die kweekskool opgetree: eerww. C.A. Küster (1839-'40), S. Gysin (1840-'42), C.R. Kölbing (1842-'45), D.W. Suhl (1845-'55), H.B. Marx (1855-'65) en R.J. Ballein (1865-'82). Behalwe bovermelde hoofde het ook die volgende sendelinge as assistente opgetree: eerww. J.F. Kühn, H. Hartmann, H.A. Brauer, A.G.Hettasch, P.E. Hickel, H.A. Kunick en F.W. Schöbel. Benewens hierdie blankes is ook van tyd tot tyd van gekleurde assistente gebruik gemaak wat vroeër aan die kweekskool gekwalifiseer het.[2]

Naas die professionele vorming van jong manne vir die onderwysberoep, het die direkteure en hulle assistente ook 'n buitengewone bydrae i.v.m. die opvoeding en onderwys van

1. Malherbe: Education in South Africa, 1652-1922, 96-97.
2. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 9.

hulle medegeloofsgenote in die algemeen gelewer. Met 'n eie pers wat aan die kweekskool verbonde was tot hulle beskikking, het hulle nie alleen as redakteurs van die twee maandbladjies, „De Bode" en „Het Maandbladje voor Kinderen", later „De Kindervriend", opgetree nie, maar ook heelwat handboeke vir skoolgebruik soos „Eenvoudige Lessen, saamgesteld door Peter Hallbeck, „Bisschop der Broederkerk"(1859), „Eenmaal Een Tafel", „De School I-III", „Het Godsdienstige onderricht", „Onderwijs voor schoolmeesters en lessen en ordeningen ten gebruik in scholen" deur B. Marx (1862), uitgegee.[1]

(c) Die eerste kleurlingstudente wat hierdie opleidingsinstituut bygewoon het, was uitsluitlik van Genadendal, Elim, Enon en Mamre afkomstig.[2] Ten einde ook leerkragte vir die sending onder die Naturelle voor te berei, is later ook Fingoes vanuit Clarkson en Silo toegelaat.[3] Origens het die Sendingkonferensie ook oorweging geskenk aan die opleiding van kwekelinge van verwante Duitse sendinggenootskappe. So is dan in 1843 aan die Berlynse Sending verlof toegestaan om drie studente hierheen te stuur om as kwekelingonderwysers opgelei te word.[4]

Omtrent die toelatingsvereistes en duur van die kursus vir kleurlingkwekelinge tot die Genadendalse kweekskool, word daar aanvanklik niks meegedeel nie. Eers teen die einde van die vyftigerjare is hierdie vaaghede uit die weg geruim, toe daar deur middel van 'n regeringsmemorandum op 28 Desember 1859 aangekondig is dat geen kweekeling jonger as 13 jaar vir 'n kwekelingkursus van vyf jaar, kan toegelaat word nie.[5]

Alhoewel kwekelinge gedurende die wordingsjare op eie inisiatief deur die kweekskoolowerhede voorberei en bevorder is, het bovermelde memorandum voorts bepaal dat dergelike -

---

1. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 21.
2. Ibid., 8.
3. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 391.
4. Schmidt: t.a.p., 9.
5. Malherbe: Education in South Africa, 1652-1922, 96.

studente behalwe hulle proefonderwys in oefenskôle ook daagliks vir 'n uur onderrig in die grondvakke waarin eksamen afgelê moes word, moes ontvang.[1]

Benewens die voorgeskrewe leerplan, het die Morawiërs ook steeds daarna gestreef om hulle kwekelinge so veelsydig moontlik af te rond en gevolglik het hulle dan ook hulle studente naas „dem Schulunterricht zugleich eine Profession erlernten und sich auch sonst in praktischen Arbeiten (z.B. in Garten und Feld) betätigten".[2] Behalwe die professionele onderrig in die set en druk van die twee maandbladjies en ander boeke, was daar ook volgens eerw. Schmidt volop geleentheid vir hulle om „die skoenmaker-ambag, die snyer- en skrynwerkerambag te leer".[3]

Vanweë die doelbewuste beleid wat sir Langham Dale ten opsigte van die opleiding van alle kwekelingonderwysers gevolg het, moes alle interne eksamens wat tot dusver nog altyd deur die kweekskoolowerhede afgeneem is, gestaak word. Gevolglik het die eerste kandidate dan in 1865 aan die goewermentseksamen deelgeneem.[4]

Ten slotte moet daarop gewys word dat die aantal kwekelinge met verloop van tyd so toegeneem het dat die oorspronklike gebou weens gebrek aan akkommodasie verruim moes word. Nadat dit in 1858 vergroot is,[5] het die aantal studente nog steeds toegeneem, maar toe die totale inskrywing eindelik op 22 te staan gekom het, is die getalle vanweë gebrek aan middele so beperk dat daar in 1869 slegs 8 in die losieshuis woonagtig was.[6]

4. <u>Staatsteun vir sendingskole en onderwystoestande op hoof- en buitestasies.</u>

(a) Gedurende sy ampstyd van twintig jaar het Rose-Innes sy hoofaandag aan die ontwikkeling van 'n behoorlike skoolstel-

1. Malherbe: Education in South Africa, 1652-1922, 96.
2. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 391.
3. Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 10.
4. Ibid., 11.
5. Ibid., 10.
6. Schulze: t.a.p., 391-392.

sel geskenk. Hoewel sy nuwe stelsel vir Eerste Klas of „Principal Schools" vir groter dorpe en stede en Tweede Klas of „Secondary Schools" vir kleiner plekke op die platteland voorsiening gemaak het, het die praktyk bewys gelewer dat die onderwysbehoeftes van die platteland en veral dié van sendingskole heeltemal buite rekening gelaat is.[1)]

As gevolg van die belangrike werk wat intussen deur die Morawiese en ander sendinggenootskappe sonder enige hulp van regeringsweë verrig is, is daar deur sy toedoen sedert 1841 staatsteun vir hierdie klas van skole onder sekere voorwaardes toegesê.[2)] Ooreenkomstig 'n regeringsmemorandum van 10 Junie 1841 is dan verduidelik dat die staatsteun slegs uit 'n toelaag (die bedrag word nie vermeld nie) sou bestaan wat gebruik moes word om die salaris van die onderwyser aan te vul.[3)] Dat die Morawiese Sending hierdie steun broodnodig gehad en verwelkom het, ly geen twyfel nie.

Toe Dale in 1859 sy werk as Superintendent-generaal van Onderwys aanvaar het, het hy ten spyte van groot moeilikhede die stelsel van staatsondersteuning uitgebrei, 'n stelsel wat dan ook deur die Onderwyswet van 1865 bestendig is. Kragtens hierdie wet is dan die volgende afsonderlike tegemoetkoming aan sendingskole in die binneland toegestaan:

(i) B I-skole, d.w.s. waar daar 'n reeks skole soos kleinkinder-, gewone en industrieskole bestaan het, £75 per jaar;

(ii) B II-skole, d.w.s. waar daar slegs een skool vir al die kinders bestaan het, £30 per jaar;

(iii) B III-skole, d.w.s. skole op buiteposte, £15 per jaar.[4)]

Andermaal is weer bepaal dat hierdie regeringstoelaes slegs

---

1. Van den Heever en De V. Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 2, 312;
   Du Toit: Onderwys in Kaapland, 84-86.
2. Du Toit: t.a.p., 86.
3. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie (1937), 354.
4. Ibid.
   Malherbe: Education in South Africa, 1652-1922, 96.

vir salarisdoeleindes van die onderwyser of onderwysers moes aangewend word, terwyl op sendinggenootskappe die verpligting gerus het om die skoolgeboue en meubels te verskaf.[1)]

As gevolg van hierdie finansiële tegemoetkoming het die onderwys in die Morawiese sendingskole, wat vroeër uitsluitlik deur die sendelinge en hulle gades gratis verrig is, geleidelik vanaf die begin van die veertigerjare in die hande van opgeleide Kleurlinge oorgegaan.[2)] Weliswaar moes eersgenoemdes op die oudste hoofstasies nog dikwels hand by sit, maar teen die einde van die sestigerjare het die sending alreeds oor soveel opgeleide kwekelinge beskik dat slegs op Genadendal waar die grootste konsentrasie van leerlinge bestaan het, nog van blankes gebruik gemaak is.

(b) Die doelbewuste uitbreiding wat die Morawiese Sending gedurende hierdie periode voorgestaan het, het aan ook spoedig tot die stigting van nuwe skole aanleiding gegee. Ondanks die sluiting van die skooltjie te Houtkloof (1859)[3)] was die vordering op hierdie gebied so fluks dat die totale aantal dagskole in 1860 reeds op 18 (waarvan vyf kleinkinderskole was) te staan gekom het.[4)] Alhoewel Kopjeskasteel vyf jaar later ook vanweë die sluiting van die buitestasie moes prysgegee word,[5)] is hierdie verlies vergoed deur die skepping van twee nuwe skole te Berea (1865)[6)] en Wittekleibosch(1866)[7)]

Ondanks die buitengewone uitbreiding op onderwysgebied het die skoolgeboue op die verskillende hoof- en buitestasies nog dikwels veel te wense oorgelaat omdat die Morawiese Sending nie geld vir die bou en uitrus van geskikte geboue kon bekom

---

1. Malherbe: Education in South Africa, 1652-1922, 96.
2. Vir verdere referensie, sien Schmidt: Die Kweekskool van die Morawiese Sendinggenootskap in Genadendal, 1838-1927-1935, 9.
3. Winckler: Elim, 1824-1924, 21.
4. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 398.
5. Die Huisvriend 29 Maart 1936; Sien artikel, Ons werk in skool en kerk in Kopjeskasteel (Brakfontein) en in Tygerhoek-Waterford, deur R. Schmidt.
6. Die Huisvriend, 14 November 1915; Sien artikel, Berea, deur R. Schmidt.
7. Schulze: t.a.p. 379.

nie. In die geval van Genadendal en Enon waar daar wel sedert die vorige periode doelmatige geboue vir groter en kleiner kinders verrys het, kon dusdanige geboue slegs met behulp van fondse wat deur vrygewige persone vir die doel geskenk is, opgerig word. Behalwe die nuwe skoolgebou te Clarkson wat in 1840 met behulp van sendingmiddele daargestel is,[1] het die meeste skoollokale dan uit geboutjies bestaan wat vroeër vir kerk- en skooldoeleindes gebruik is.

Onderwysfasiliteite op die nuwe hoof- en buitestasies wat gedurende hierdie periode aangelê is, was veel minder rooskleurig. Sommige buitestasies soos Goedverwacht, Kopjeskasteel, Twistwyk, Berea[2] e.a. het wel nog 'n tydelike geboutjie wat met behulp van die inwoners daar gestel is, tot hulle beskikking gehad, maar ander stasies soos Wittewater en Clarkson, (onder die Naturelle) moes weens die gebrek aan fondse eenvoudig verlief neem en met enige omstandighede gediend wees. So verneem ons dat daar op eersgenoemde stasie vanaf April 1860 tot Junie 1865 in 'n „Kalferenhok, die daartoe eenigzins ingeregt was"[3] skool gehou is, alvorens die ou perdestal wat in 'n kerk omskep is, vir skoolgebruik kon aangewend word. Die skoollokaaltjie vir Fingoes op laasgenoemde stasie daarenteë het weer uit 'n rietdakvertrekkie wat op 'n paar pale met kleimure gerus het, en waarvan die beligting en ventilasie ontoereikend was, bestaan.[4]

Benewens die daarstelling van skoolgeboue, moes die sendinggenootskap ook die nodige skooluitrusting verskaf. Omdat die meeste hoofstasies oor skrynwerkerswinkels beskik het, kan ons met vertroue aanneem dat artikels soos tafels en banke, waarvan daar nog talle voorbeelde in skole aangetref word, deur middel van die sendelinge en geskoolde werksmanne self

---

1. Die Huisvriend, 25 Julie 1948; Sien artikel, Clarkson in die Zitzikama, van R. Schmidt.
2. Sien De Bode, 4 Junie 1909; Die Huisvriend, 29 Maart 1936; Schulze: 200 Jahre Brüdermission, 375.
3. Marx: Geschiedenis van Wittewater, 1859-1884 (Ongepubliseerde artikel).
4. Die Huisvriend: t.a.p.

vervaardig is. Waar dergelike industrieë nie bestaan het nie, was toestande uiters haglik en moes die leerlinge meestal plat op die grond sit.[1)]

(c) Weens die gebrek aan plaaslike inisiatief by die ingesetenes het alle onderwysbeheer i.v.m. die dag- en industrieskole by die Morawiese Broederkerk berus. Sodoende het hulle dan nie alleen die skoolgeboue op die verskillende hoof- en buitestasies verskaf nie, maar ook die plaaslike bydraes tot die salarisse van onderwysers wat staatsteun ontvang het, gewaarborg. As gevolg van die groot armoede van die ingesetenes is die onkoste i.v.m. die skole aanvahklik self deur die sendinggenootskap gedra,[2)] maar vanaf 1854 moes 'n klein bedraggie in die vorm van skoolgeld deur elke huisgesin wat kinders op skool gehad het, betaal word.[3)]

Namate die regering steeds hoër eise aan die opvoeding en onderwys van Kleurlinge gestel het, het die uitgawes van die sendingskole ook vanselfsprekend gestyg. Toe die skoolgelde andermaal in 1862 verhoog is om die stygende uitgawes die hoof te bied, het sommige inwoners op die skenkingstasies tot allerlei aanhitsings oorgegaan.[4)] Wat Genadendal betref, het die gevoelens so hoog geloop dat baie van die skoolgelde in sommige gevalle nooit vereffen is nie of in ander gevalle slegs druppelsgewys gestort is.[5)]

Behalwe hierdie moeilikhede om plaaslike bydraes vir die onderhoud van gekleurde leerkragte te in, het die ongereëlde skoolbesoek van leerlinge die verantwoordelike sendelinge op

---

1. Die Huisvriend, 25 Julie 1948; Sien artikel, Clarkson in die Zitzikama, deur R. Schmidt.
2. Schmidt: Terugblik op de begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 12.
3. Hierdie fooitjie het aanvanklik op 1/6 per jaar vir elke huisgesin te staan gekom. Sien Schmidt: t.a.p., 12.
4. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 399.
5. Hierdie toestand het ontstaan omdat die skoolgeld tot 1/6 per jaar per kind in die groot skool en 1/- per jaar per kind in die klein skool verhoog is; Sien Schmidt: t.a.p., 12.

die verskillende stasies ook baie hoofbrekens besorg. Omdat daar destyds geen verpligte skoolbesoek vir Kleurlingkinders bestaan het nie, het nalatige en onverskillige ouers hulle kinders ondanks die vermanings van die leraars eenvoudig teruggehou om hulle „beim Viehhüten oder bei Feldarbeit" behulpsaam te wees.[1] Gevolglik moes sommige skole soos Houtkloof later vanweë ongereëlde bywoning gesluit word.[2] Desnieteenstaande is daar goeie vordering gemaak en die aantal analfabete was stadig besig om af te neem. Newegaande opgawes vir 1868 dui dus daarop dat dit seker die geval met Genadendal en Elim was.

| Sendingstasie | Aantal siele | Persone wat kon lees | Persone wat kon lees en skrywe. |
|---|---|---|---|
| Genadendal | 3100 | 1397 | 700 |
| Elim | 1400 | 765 | 340 |

[3]

(d) Ooreenkomstig die staatsteun wat aan sendingskole verskaf is, was die Morawiërs verplig om die leerplan wat hulle tot dusver gevolg het enigsins te wysig. Hoewel daar volgens die regeringsmemorandum van 1841 bepaal is dat die onderrig nog altyd godsdienstig van aard mag wees, moes daar ook voortaan ander sekulêre vakke soos lees, skrywe, reken, Engels, Hollands, aardrykskunde, geskiedenis en natuurstudie wat in die blanke Elementêre skole van toepassing was, ingevoer word.[4]

Vanweë die staatsteun wat die sendingskole ontvang het, het die Superintendent-generaal van Onderwys ook die reg gehad om hulle te inspekteer en verslae op te eis.[5] Hierdie oppertoesig van die staat het geensins 'n remmende uitwerking op die skoolwese gehad nie, maar het daarenteë so prikkelend gewerk dat daar eerlang 'n onmiskenbare verheffing op onderwysgebied te bespeur was.[6]

---

1. Schulze: 200 Jahre Brüdermission, Deel 2, 398.
2. Winckler: Elim, 1824-1924, 21.
3. Schulze: t.a.p., 398.
4. McKerron: A History of Education in South Africa,(1652-1932), 161; Malherbe: Education in South Africa,1652-1922, 79.
5. McKerron: t.a.p., 161; Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie (1937) 354.
6. Schulze: t.a.p., 399.